

SONDAG 36

VRAAG EN ANTWOORD: 99

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Wat eis die derde gebod?			
Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek,	1	Levitikus 24:15-16	En met die kinders van Israel moet jy spreek en sê: As iemand sy God vloek, sal hy sy sonde dra. En wie die Naam van die HERE laster, moet sekerlik gedood word; die hele vergadering moet hom sekerlik stenig. Die vreemdeling net soos die kind van die land as hy die NAAM laster, moet hy gedood word.
deur 'n valse eed	2	Levitikus 19:12	En julle mag nie vals sweer by my Naam en so die Naam van jou God onheilig nie. Ek is die HERE.
of deur onnodig te sweer nie.	3	Matteus 5:37	Maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose.
		Jakobus 5:12	Maar bo alles, my broeders, moenie sweer nie: nie by die hemel nie, ook nie by die aarde nie en ook geen ander eed nie; maar laat julle ja ja wees en julle nee nee, sodat julle nie onder 'n oordeel val nie.
Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie.	4	Levitikus 5:1	En as iemand sondig dat hy die luid uitgesproke beswering hoor, terwyl hy getuie was, dit gesien het of daarvan weet as hy naamlik dit nie te kenne gee nie en so sy ongeregtigheid moet dra;
		Spreuke 29:24	Hy wat saam met 'n dief deel, haat sy eie siel; hy hoor die beswering, maar openbaar niks nie.
Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie,	5	Jesaja 45:23	Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit my mond, 'n woord wat nie herroep word nie: dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer.
		Jeremia 4:2	Dan sal jy sweer: So waar as die HERE leef! in waarheid, in reg en in geregtigheid; en die nasies sal hulleself in Hom seën en hulle in Hom beroem.
sodat Hy deur ons reg bely,	6	Matteus 10:32	Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is.
			Sê dan vir die Israeliete: Elkeen wat vir God laster, sal die straf daarvoor kry. Wie die Naam van die Here oneerbiedig gebruik, moet die doodstraf kry. Die hele gemeente moet hom met klippe doodgooi. Dit geld vir gebore Israeliete en vir vreemdelinge: wie die Godnaam oneerbiedig gebruik, moet sterf.
			Julle mag nie 'n vals eed aflê in my Naam en so die Naam van julle God onheilig nie. Ek is die Here.
			Laat julle 'ja' eenvoudig 'ja' wees en julle 'nee', 'nee'. Wat meer gesê word as dit, kom van die Bose."
			My broers, dit is baie belangrik dat julle nie 'n eed moet aflê nie, nie by die hemel nie, nie by die aarde nie en ook nie enige ander eed nie. As julle "ja" sê, moet dit "ja" wees; as julle "nee" sê, moet dit "nee" wees. Dan sal julle nie veroordeel word nie.
			"Wanneer iemand hoor of te wete kom dat 'n vervloeking uitgespreek is en hy verswyg dit, sondig hy. Hy was 'n getuie daarvan, en daarom rus daar skuld op hom.
			Iemand wat gesteelde goed ontvang, gee nie om vir sy lewe nie; hy weet die vloek sal hom tref, maar hy wil nie praat nie.
			Ek lê 'n eed af in my eie Naam, wat Ek sê, is betroubaar, dit is 'n woord wat nie onvervul sal bly nie: voor My sal elke knie buig, in my Naam sal elke tong 'n eed aflê.
			Wanneer jy 'n eed aflê en sê: "So seker as die Here leef," moet dit in waarheid wees, moet jy reg laat geskied en reg doen. Dan sal die nasies hulle seën van die Here verwag en in Hom roem.
			"Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is.

		Romeine 10:9-10	As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.	As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered.
aangeroep	7	Psalms 50:15	en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.	Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal My eer."
		1 Timoteus 2:8	Ek wil dan hê dat die manne op elke plek moet bid en heilige hande ophef sonder toorn en twis.	Ek wil dus hê dat die mans by elke plek van samekoms met 'n skoon gewete hande in gebed tot God moet ophef, vry van onmin en twis.
en in al ons woorde en werke geprys word.	8	Romeine 2:24	Want, soos geskrywe is, die Naam van God word om julle ontwil onder die heidene gelaster.	Inderdaad, soos daar geskrywe staan, "as gevolg van julle optrede word die Naam van God deur die heidennasies belaster."
		Kolossense 3:17	En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.	En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.
		1 Timoteus 6:1	Almal wat diensknegte is onder 'n juk, moet hulle eie here alle eer waardig ag, sodat die Naam van God en die leer nie belaster mag word nie.	Gelowiges wat as slawe onder 'n juk staan, moet hulle eienaars met alle eerbied bejeën, sodat niemand sal kwaad praat van die Naam van God en van die Christelike leer nie.